

**28 SEPTEMBER**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: MARKUS 12:38-40 (OAV)**

**Dien die Here opreg**

Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes. Hulle het dikwels vals geleef en opgetree. Hulle het van hoë aansien gehou en klere gedra om hulle van ander mense te onderskei. Mense moes hulle besonderlik groet as hulle verbykom. In die sinagoges het hulle die voorste sitplekke gehad en as daar feeste gehou is, is ereplekke vir hulle bespreek. Hulle was bevoorregte mense wat op hulle “regte” gestaan het. Hulle het nie vergoeding vir hulle werk ontvang nie, maar die mense het hulle vrywillig versorg en onderhou. Ongelukkig het hulle dikwels daarvan misbruik gemaak. Hulle het die weduwees soms mislei, waarskynlik deur hulle te bedrieg. Dit is moontlik dat hulle die weduwees se belange behartig het en dan so van hulle besittings bekom of daarvan “gesteel” het. In die beoefening van hulle aanbidding was hulle ook nie opreg nie. Vir die skyn het hulle lang gebede in die openbaar opgesê. Jesus sê (vs. 40): “Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.”

Ons Here Jesus waarsku ons vandag teen mense wat heilig wil lyk en vereer wil word, maar in werklikheid vals is. Gelowiges word nie gekenmerk deur vertoon nie. Godsdienstige handeling is vals wanneer dit gedoen word om eie gewin en om gesien en gerespekteer te word. Gelowiges is vals, wanneer hulle godsdienstige handeling, byvoorbeeld erediensbywoning, Bybelstudie, gebed, sang ensovoorts vals is. Ons moet die aangesig van die Here in opregtheid soek. Moenie die Here net dien wanneer mense jou op die skouer klop en hande klap nie. Dien die Here in alle omstandighede, in opregtheid.

*Sing: Psalm 84:6 (Totius-beryming) Ds Neil Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)*